BEROEPENUUS– *10 Mrt 2013*

Beroepe ontvang

Ds. HJ Stoltz van Bloemfontein-Suidheuwels na Ontdekkers

Beroepe aanvaar

Ds. RP Buys van Nelspruit na Delmas

Beroepe bedank

Ds. R J/van Vuuren van Hendrina/Carolina-kombinasie na Krugersdorp-Wes/Magaliesburg-kombinasie

Ds. ASA de Bruyn van Wilropark na Rietvallei as medeleraar

Met leedwese het ons verneem dat ds. Jan-Carel Erasmus, emeritus-predikant van Zeerust op Dinsdag oorlede is. Ons bid sy familie die troos van die Heilige Gees toe.. Mev. Doempie van Wyk de Vries, weduwee van wyle ds. K'S van Wyk de Vries, vroeër van Pretoria-Oos is op 4 Maart oorlede. Die familie word ook die troos van die Here toegebid,

Eenheid in verskeidenheid in die ampsdiens – deur ds. RJ Visser

Vanuit die apostelskap na verskillende ampte

Dit was nie al nie. Die eerste tyd was die diakonale werk ook deel van die apostels se daaglikse taak. Ons lees dit in Handelinge 4:33, 34: "En met groot krag het die apostels getuienis gegeevan die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal. Want niemand onder hulle was behoeftig nie; want almal wat besitters van gronde of huise was, het dit verkoop en die prys van wat verkoop is, gebring en aan die voete van die apostels neergelê". Ons sien juis in die apostelskap hoe die hele ampsdiens in Christus se gemeente 'n eenheid is; 'n eenheid om Christus se gemeente op die beste manier op te bou en te versorg. Hierin lê 'n baie belangrike aanwysing dat die verskillende ampte mekaar nooit as konkurrente mag begin sien nie.

As dit gebeur het die duiwel 'n plek onder ons gekry. Dan gaan dit oor onsself en oor ons amp, en nie oor hoe ons as ampsdraers saam die gemeente vanChristus op die beste manier dien nie. Uit Handelinge 6 word dit duidelik dat die diakonale taak op daardie oomblik die apostels se werk was. Hierdie hoofstuk beskryf dat die apostels al die werk wat gedoen moes word nie meer kon behartig nie; die take is daarom verdeel. Sewe manne is aangestel om die diakonale take van die apostels oor te neem. Die apostels trek hulle van hierdie diakonale take terug. Ons lees naamlik in vers 2-4: *Word vervolg*

KATEGISMUS- 450 jaar

Donderdag 14 Maart 2013 word ons uitgenooi na 'n gesprek oor die Kategismus wat DV sal plaasvind by die Gerf Kerk Oos-Moot. Dit begin om 16h00 en hulle beoog om 21:55 klaar te maak. Die program, al die tye, besonderhede en sprekers is op ons kennisgewingbord aangebring. Dit word sterk aanbeveel. Belangstellendes kan ook met ds. Petrus hieroor kontak.

13/03– Piet Oosthuizen 0827858466	14/03– Chantelle Olivier 0828229430
13/03– Arian Plomp 0126545491	14/03– Hannie Vorster 0723659195
13/03– Barry Saayman 0832351387	15/03– Chris Putter 0832795523
14/03– Alet Nienaber 0126547579	15/03– Heinrich Venter 0736620067
	Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur

Baie geluk met u verjaarsdag

Die Suid-Afrikaanse bome het n voortreflike reputasie onder die uitheemse voëlente – CJ Langenhoven

Die Krugertjie

10 Maart 2013

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za
Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

EERSTE EREDIENS–(9h00)

Skriflesing: Levitikus 23:1-8; Eksodus 12:1-14; 21-30

Teks: Levitikus 23:4-5; Genesis 8:4

Sing: Ps. 118:10; Ps. 119:55; Ps. 84:5; Sb. 8:4,5

OM PAASFEES TE VIER

Ons Gereformeerdes hou ons nie altyd streng aan die kerklike jaar nie. Wel, wil ons in die naderende lydenstyd, die lyding wat daar vir Christus was, dit duidelik vir mekaar sê dat Goeie Vrydag en Paassondag, Hemelvaart, Weessondag, Pinkster, daar loop 'n lyn wat ons nie ook maar net kan verbygaan nie.

Hierdie lyn moet vanuit Lev.23 nagegaan word. Ons teksverse staan- *Dit is die feestye van die Here, die heilige vierdae wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd...*

In Lev.23 is God se volledige verlossingsprogram saamgevat. Ja, wat kan belangriker wees as met die Ou en Nuwe Testament, die heilige lyne saam te bring rondom wat God se verlossing vir ons beteken. Ons mag die Ou en Nuwe Testament in alle geval nooit van mekaar skei nie, want Jesus het Self gesê sy werk is om die Wet en die profete te vervul. Hy het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.

KATKISASIE– Katkisasie gaan normaal voort

TWEEDE EREDIENS– (ná katkisasie)

Skriflesing: Levitikus 23:1-8; Eksodus 12:15-20

Teks: Levitikus 23:6-8

Sing: Ps 118:12; Ps. 42:2; Sb.33:3

DIE FEES VAN DIE ONGESUURDE BRODE

Die fees van die ongesuurde brode is net ná die Pasga gevier, dit vorm eintlik in geheel deel van die Paasfees. Die Pasga was die 14de nissan, die 15de nissan is dan die begindag van die fees van die ongesuurde brode van die Here, 'n fees wat 'n week lank sou strek.

As die Pasga-ete klaarmaak dan word dit hierdie fees. Die Pasga wat vir ons sê jy as mens het verlossing nodig. Die Paasmaal wys na Jesus se kruis, hiermee saam die fees van die ongesuurde brood wys na Jesus se begrafnis.

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)

Vandag-Wyke 23 en 24
Ouderlinge: Johan de Jonge
Diakens: Johan du Plooy

Volgende Sondag– Wyke 25 en 1
Ouderlinge: Willie J/van Rensburg en Marinus Lorist
Diakens: Deon Vosloo en Chris Putter

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Sr Petro Riphagen se rug-operasie het goed verloop. Sy is nog in Faerie-Glen-hospitaal. Ons bid haar volkome herstel toe. **Br. Jaco Venter** het Donderdag ‘’n gedeeltelike skouer -vervanging– operasie ondergaan. Ons vertrou dat dit geseënd mag wees. Mag hierdie operasie geseënd wees ná hy al soveel keer aan die skouer geopereer was. **Sr Marietjie Minnaar** was die week in Krugersdorp vir ondersoeke na sy vir weke reeds baie swaar met rugpyn worstel. Ons vertrou dat die dokter spoedig sal kan bepaal hoe en op watter wyse dit die beste sal wees om aan haar rug te werk. **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Br Piet van der Kooi** word aan die genadetroon van die Here opgedra. Ons vertrou dat die Here hom vanuit sy gesondheid terugslae sal sterk maak. **Sr Esmé Coetzee** wat onlangs ook ‘n operasie moes ondergaan word volledige herstel toegebid. . **Ds. Andries Mulder** is ons gebed waar hy tuis is hy na behore kan herstel. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. .**Sr’s Lenie Labuschagne en Hester van Vuuren** wat beide vir lang tye nie meer in staat is om eredienste by te woon nie, word aan die genadetroon van die Here opgedra. Hulle is in Huis Davidtz. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. Gelukwense aan **br. en sr Riaan en Yvette de Villiers** waar hulle gister (Saterdag) in die huwelik bevestig is. Mag hulle huwelik geseënd en vol vreugde wees.

WEBWERF / BAKKIESBLAD

– Al die jongste preke, gebeure en Krugertjies kan afgelaai word op ons webwerf of op ons facebook: Webblad is http://bit.ly/XLiTlk
Facebook is on.fb.me/14sXfbM

SUSTERS– EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Die susters het versoek dat ons aan die Paul Kruger kinderhuis op meer gereelde basis van blikkies-kos en ander nie-bederfbare produkte skenk. Daar sal by al die ingange van ons kerkgebou karton-houers geplaas word waarin u hierdie produkte kan plaas. Dit sal dan op deurlopende basis leeggemaak word en aan die kinderhuis geskenk word.

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Sustentasie Instand-houding
17/03/2013 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	S-. Kollekte-Veldbrande Noord-Kaap Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
12/03	Finns -Advies verg.
13/03	Kerkraad verg.
14/03	450-jarige bestaan Kategismus–Byeenkoms Pta. Oos-Moot
20/03	Skole sluit
09/04	Skole open

PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Ons vestig net u aandag op die SMS-nommer wat u kan skakel om aan die kinderhuis ‘n bydrae te maak. Al wat u moet doen, is om die woord PKK te SMS na nommer 41092. Met elke SMS maak u ‘n R25-00 bydrae.

.

MATTHEUS – AAN DIE HAND VAN TOTIUS– verwerk deur ds. H.T. de Vil-

DIE EVANGELIE: MATTHEüS
KANON – INHOUD EN PLEK VAN DIE BOEK IN DIE OPENBARING VAN GOD

1.DIE BOEK SELF

Die naam “Evangelie” kom van die Griekse woorde *eu* (“goed/goeie”) en *angelion* (“boodskap”). Dit was gebruik vir die draer van `n goeie boodskap, maar is in die Kerk later gebruik vir die Boodskap self. Selfs in die Griekse vertaling van die Ou Testament het die woord soms gedui op die vervulling van die Verbondsbeloftes oor die heerskappy van die Messias (Jes 40:9; 52:7; 61:1; Nah 1:15).

In die Nuwe Testament word die woord al gebruik. Lees gerus: Mark 1:1,14; Luk 3:18; Matt 4:23; 9:35; 24:14; 26:13. Paulus gebruik dit ook: Rom 1:15,16; 1 Kor 4:15; 15:1; 2Kor 10:14; ens.

Die boek bevat nie al die gebeure voor Christus se geboorte en direk na Sy opstanding nie. Die bondigheid van baie weergawes van gebeure is kenmerkend van die boek.

Die eerste drie boeke van die Nuwe Test kom baie ooreen in vorm, volgorde en woordgebruik, en verskil so van Johannes.

Hoof-inhoud

1.Bergpredikasie. Die volledigste weergawe daarvan (5:3-7:27).
2. Dissipels se roeping (10:5-43).
3. Johannes die Doper (11:7-19).
4. Teen die Fariseërs (12:15-45.
5. Gelykenisse oor die Koninkryk (13:1-52).
6. Dissipelskap: nede-righeid, meegevoel, verantwoordelikheid.(Hfst 13).
7. Gelykenisse (11:28 – 12:14)
8. Weer die Fariseërs (Hfst 13).
9. Profetiese Rede: 13-25.
Anders opgesom: Hfst 1-2, Christus se geslagsregister en Sy Koms. Hfst 3-4:16, Begin van Sy werk. Hfst 4:17-16:20, Jesus as Leraar en Werker. Hfst 16:21-15, Christus neem Sy lyding gewilliglik op. Hfst 16-28, Daarstel van die Koninkryk.

Sonder om in gegewens in te gaan:
Sekere dele word in besonder begin met die woorde dat dit gebeur het, toe Jesus hierdie woorde geëindig het …..
Net sekere dele word in die ander “evangelies” gevind, en sekere dele in Lukas is in effens ander omstandighede weergegee.

2.INHOUD VAN DIE BOEK

Daar is baie pogings om die verskillende weergawes van die Evangelie by mekaar te bring. Daarop gaan ons nie in nie. Vir die gelowige is dit duidelik dat al vier die eerste boeke van die Nuwe Testament deur Goddelike inspirasie, **deur God die Heilige Gees ingegee** is.

Hy het gebruik gemaak van die skrywers (a) sonder om hulle individuele aard te laat verlore gaan. (b) Elkeen het ook besondere lesers in gedagte gehad. (c) Moont-like bekendheid met voorafgaande weergawes beteken dat hulle ook nuwe sake sou beskryf. (d) Al vier skrywers is geïnspireer om te wys op die vervulling van die profesieë in die Ou Testament – veral Mattheüs, wat ooglopend geskrywe het met Israeliete in gedagte. Lukas het veral gepoog om gebeure in die werklike volgorde weer te gee. Johannes het baie aangevul by die ander se skrywes. In Markus is `n deeglike weer-gawe van die Profetiese Rede/Predikasie.

(e) Waar dit lyk asof weergawes verskil, glo ons dat die Heilige Gees nie van die skrywers “robotte” gemaak het nie, en dat hulle dinge kon weergee soos hulle dit onthou of belewe het. Waar dit lyk asof hulle verskil het in hulle weergawe, kon dit net sowel verskillende gebeure wees of ander kere waarin Christus dieselfde dinge herhaal het, in ander geselskap of onder verskillende omstandighede.

3.SKRYWER

Interne getuienis (uit die boek self).
Uit die boek self is dit nie duidelik af te lei dat die Dissipel Mattheüs die skrywer was nie. Wat wel duidelik is, is die kennis van die Ou Testament en die vervulling in Christus – dus dat dit `n “Joodse” Christen was wat geskryf het. Selfs dat dit `n oog- en oorgetuie is, is nie al te duidelik nie.

Eksterne getuienis (buite-Bybels).
Die **getuienis uit die vroeë Christendom** is dat dit lyk asof daar nog nooit enige twyfel was dat die skrywer die Dissipel Mattheüs (Levi), die oud-tollenaar, was nie. Dit wys hoedat God selfs die stille toehoorder kan gebruik om belangrike werk te lewer. (Is dit nie vir elkeen van ons `n inspirasie, in ons eie kleinheid nie ? Selfde kan gesê word oor die verrassende dat uit **Markus en Lukas** se penne die Woord tot ons spreek. Hulle het net so min eers as “groot” gefigureer in Handelinge – hoewel mens die selfde beskeidenheid by Lukas bemerk as by Johannes .) Ons kan net by die getuienis bly staan dat Mattheus altyd as die oueur beskou is. *word vervolg.*

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

4 Mrt. 1894– Pres Steyn Vrystraat ingesweer; *6 Mrt. 1816*– Slagtersnek rebellie; *7 Mrt. 1901*– Slag by Tweebos; *16 Mrt. 1852*– Potgieter en Pretorius versoen te Rustenburg; *20 Mrt. 1862*– 1 ste Algemene Kerkvergd GKSA Reddersburg*; 24 Mrt. 1880*– Volksbyeenkoms op Kleinfontein; *25 Mrt. 1807*– Slawehandel opgehef; *26 Mrt. 1858*– Lasbrief aan ds. D Postma na Suid-Afrika uitgereik.